

5 November 1 Korintiërs 13:1-7, Galasiërs 5:22; (Teks: 13:4b)

Vriendelikheid is meer as 'n plakkertjie met 'n glimlag op

Dit kom uit 'n ryk Bron!

Die wêreld ken ook vriendelikheid. Ons lees in die Skrif hoe Paulus en al die skipbreukelinge saam met hom op die eiland Malta deur heidene vriendelik ontvang is. Handeling 28:7 ***Públius... het ons ontvang en drie dae lank vriendelik geherberg.*** Maar die vriendelikheid van die ongelowige kan nooit dieselfde diepgang hê as dié van die gelowige nie, want die bron waaruit dit kom verskil. Trouens, vriendelikheid kan baie bedrieglik wees en die Skrif waarsku ons selfs daarteen. Jeremia 12:6: ***"Want ook jou broers en die huis van jou vader, ook hulle het troueloos teen jou gehandel, ook hulle roep jou hardop agterna."*** Glo hulle nie as hulle vriendelik met jou spreek nie. Die vriendelikheid wat God van jou vra het 'n ryker bron en dieper betekenis. 'n Fontein het 'n bron waaruit helder vars water opborrel en 'n standhoudende stroom water gee wat oor die klippe borrel en 'n hele omgewing deurdrenk. Die vriendelikheid kom uit 'n ryk bron, naamlik: God se liefde en genade. 1 Korintiërs 13 verbind vriendelikheid aan die liefde van God. ***"Die liefde is lankmoedig en vriendelik."*** Daardie liefde waaruit vriendelikheid voortkom is die liefde van God wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is. Romeine 5:5 ***"Omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."*** Kennis van God se liefde is vir jou; dit bring vriendelikheid voort wat baie ryker is as dié van die wêreld. Hoe dieper jou kennis van God se liefde is, hoe skoner kwaliteit het jou vriendelikheid. Die liefde van God is sigbaar in sy genade oor ons in Jesus Christus. ***"En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade"*** (Joh. 1:16). Hy het vir ons gesterf toe ons nog sondaars en vyande van God was. Uit louter genade..., sonder dat ons enige iets daarvan verdien, skenk God ons deur Jesus Christus sy goedheid en liefde deur ons as sy kinders aan te neem. Hy is nou ons Vader wie se vriendelike oë op jou, as sy kind, gerig is. Net soos 'n pa se vriendelike oë beteken dat hy vir sy kind die beste soek, so soek God se Vaderliefde ook vir ons die beste. Wie hierdie genade van God ervaar het, kan nie anders as om die vrug van die Gees se werk in sy lewe voort te bring nie, naamlik: Vriendelikheid wat altyd en aan almal bekend word.

Sing: Skrifberyming 21:4

Ds. D.J. Bakker (Boksburg)